Theewaterskloof
Municipality

OPGRADERING VAN MEDIUMSPANNINGSNETWERKE IN VILLIERSDORP EN GREYTON

TENDER NR. ELEC 01/2011/12

Die Direkteur: Tegniese-dienste, van die MUNISIPALITEIT THEEWATERSKLOOF, nooi tenders vir die Opgradering van Mediumspanningsnetwerke in Villiersdorp en Greyton (Tender Nr. Elec 01/2011/12).

Daar word beraam dat tenderaars oor 'n CIDB kontrakteursgradering van **4EP** of hoër moet beskik.

Voorkeur sal verleen word aan tenderaars met eienaarskap van Voorheen Benadeelde-Individue, Vroue- en Ongeskiktheid en wat plaaslike ondernemings is, of aan plaaslike ondernemings en/of KMMO's uitkontrakteer en gebruik maak van plaaslike arbeid.

Slegs tenderaars wat aan die kriteria soos vervat in die Tendervoorwaardes en Tenderdata (Klousule F.2.1) voldoen, kwalifiseer vir die indiening van tenders.

Tenders sal geëvalueer word ingevolge die Munisipaliteit Theewaterskloof se Voorsieningskanaal-bestuursbeleid en die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkryging (Wet Nr. 5/2000). Die 90/10 Voorkeurpuntestelsel is van toepassing.

Die fisiese adres vir die afhaal van tenderdokumente is:
WorleyParsons RSA (Pty) Ltd, Allenrylaan 31, Loevenstein, 7530.

Dokumente mag afgehaal word by WorleyParsons RSA (Pty) Ltd tussen 8:00 tot 16:30 vanaf **Maandag, 15 Augustus 2011.**

Tenderdokumente ter inligting kan aangevra word per epos vanaf mariusre@twk.org.za.

'n Tenderdeelnemersfooi van R979-10 is betaalbaar slegs per elektroniese inbetaling. Bewys van deposito in die bankrekening van die Kliënt word benodig alvorens dokumente ingedien kan word. Navrae in die verband kan gerig word aan Ashley Hendricks by ashleyhe@twk.org.za.

Tegniese navrae in verband met hierdie tender mag gerig word aan MNR. THEO POTGIETER, Tel Nr. 021 912 3000, Faks Nr. 021 912 3222, e-pos theo.potgieter@worleyparsons.com

'n Verpligte terreininspeksievergadering met die verteenwoordigers van die Werkgewer sal plaasvind by die Munisipale Kantore van Theewaterskloof in Villiersdorp op **Maandag, 22 Augustus 2011 om 11:00**.

Die sluitingstyd vir die tender is **12:00 op Vrydag, 2 September 2011** by die Munisipaliteit Theewaterskloof in Caledon, Pleinstraat 6. Tenders in geseëlde koeverte, en duidelik gemerk **"ELEC 01/2011/12: OPGRADERING VAN DIE MEDIUMSPANNINGSNETWERKE IN VILLIERSDORP EN GREYTON"**, moet geplaas word in Tenderbus Nr. 1 by the hoofingang van Munisipaliteit Theewaterskloof in Pleinstraat 6, Caledon. Neem asseblief kennis dat die tenderbus 24/7 beskikbaar is en dat die gleuf van die tenderbus 5 x 30 cm is.

Telegrafiese, telefoniese, teleks, faksimilee, e-pos en laat tenders, sal nie aanvaar word nie.

Tenders mag slegs ingedien word op die oorspronklike tenderdokumentasie wat uitgereik is deur WorleyParsons RSA (Pty) Ltd.

Die Raad mag die tender ten volle, gedeeltelike of glad nie aanvaar nie. Die Raad behou die reg om nie die laagste tender te aanvaar nie.

H S D Wallace: Munisipale Bestuurder, Munisipaliteit Theewaterskloof
Posbus 24, CALEDON, 7230

theniche agency 5103